

Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 30**

**INVENTARIS VAN DIE  
JACKIE GROBLER-VERSAMELING**

Saamgestel deur: Petra Luus

Augustus 2019

Pretoria

## Voorwoord:

Dr. Jackie Grobler is 'n historikus, dosent en skrywer van 'n groot aantal publikasies oor die geskiedenis en kultuurerfenis van Suid-Afrika. Hy is 'n dosent in Geskiedenis en Erfenis- en Kultuurtoerisme by die Universiteit van Pretoria. Hy is 'n aktiewe lid van verskeie organisasies, soos die Voortrekkerbeweging. Hy is 'n lid van die Voortrekkermonument-maatskappy, die Erfenisstigting en die Suid-Afrikaanse Geografiese Pleknaamraad. Sy publikasies sluit onderwerpe in soos die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog en gedenktekens en monumente. Hy het ook navorsing gedoen oor die swart verset-beweging in Suid-Afrika. Hy is getroud met Elize en het vier kinders en twee kleinkinders.

Die Jackie Grobler-versameling bestaan uit afskrifte van artikels en argiefdokumente wat handel oor die politieke situasie in Suid-Afrika tydens die Apartheidsjare. Die dokumente in die lêers is net so in 'n lys opgeskryf. As gevolg van die lengte van die lys is dit nie geprint nie, maar op rekenaar beskikbaar.